



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

--

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 10 bladsye (i–x) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamensessie in. Onthou om jou eksamennommer in te vul in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot twee desimale plekke afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Vervaardiging (26 minute)	44			
Vraag 2: Kontantvloei-state (33 minute)	55			
Vraag 3: Maatskappy finansiële state (45 minute)	75			
Vraag 4: Voorraad (16 minute)	26			
TOTAAL	200			

VRAAG 1 VERVAARDIGING**(44 punte, 26 minute)****Verwys na die inligting aangaande Terra Printing.**

- 1.1 Voltooi die volgende aantekeninge by die Produksiekostestaat soos dit op 30 Junie 2022 sou verskyn het:

1.1.1 Direkte materiaalkoste

Beginvoorraad	
Eindvoorraad	
Grondstowwe aan die fabriek uitgereik	

Berekening van eindvoorraad direkte materiaal (grondstowwe)

--

(7)

1.1.2 Koste van klaarprodukte verkoop/Klaarprodukte

Beginvoorraad klaarprodukte	83 160
Koste van verkope (	

(4)

- 1.2 Verwys na die inligting wat in die inligtingskolle (no. 8) verskaf word en bereken die korrekte totale fabrieksbokoste na inagneming van die foute en weglatings. **Dui 'n negatiewe effek met die gebruik van hakies aan.**

Foutiewe totaal	1 662 011
Bygewerkte/korrekte totaal	

(5)

1.3 Voltooi die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Direkte/Primêre koste	
Direkte materiaalkoste	
Direkte arbeidskoste (	
Totale vervaardigingskoste	
Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar	38 808
Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar (balanseersyfer)	
Produksiekoste van klaarprodukte	

(8)

1.4 1.4.1 Bereken die getal bokse (eenhede) wat Terra Printing moet maak en verkoop om gelyk te breek. Toon jou stawende berekening.

--

(5)

1.4.2 Sal Tiffany tevrede wees met die vlak van produksie en verkope? Motiveer jou antwoord met 'n geldige verduideliking.

Ja/Nee (omkring jou antwoord)

(3)

- 1.5 Identifiseer in die lig van die huidige ekonomiese klimaat **TWEE** uitdagings wat Terra Printing sal moet oorkom.

•
•

(2)

- 1.6 Bereken die direkte materiaalkoste per eenheid vir 2022. Die direkte materiaalkoste per eenheid vir die 2021 finansiële jaar was R23,30. Verskaf **TWEE** moontlike redes vir die verandering in direkte materiaalkoste.

Berekeninge:
TWEE moontlike redes:
•
•

(3)

- 1.7 Tiffany is bekommerd oor die verandering (afwyking) in die direkte materiaalkoste per eenheid. Wat kan Tiffany omtrent die kwessie van die direkte materiaalkoste per eenheid doen? Voorsien haar van **EEN** moontlike oplossing.

(2)

- 1.8 Verkoops- en verspreidingskoste het van R375 045 in 2021 tot R250 041 in 2022 gedaal. Verskaf **TWEE** moontlike redes vir die daling in koste.

•
•

(2)

- 1.9 Tiffany wil graag die winsgewendheid van Terra Printing verbeter. Sy oorweeg dit om die standaardriem papier van 500 velle per riem tot 400 velle te verminder. Die verpakking sal steeds 500 velle per riem vertoon. Tiffany beoog nie om die verkoopsprys per boks te verlaag nie. Verduidelik aan Tiffany waarom hierdie strategie **nie** geïmplementeer moet word nie.

(3)

VRAAG 2 KONTANTVLOEISTATE**(55 punte, 33 minute)****Verwys na die inligting aangaande Jawara Bpk.**

- 2.1 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.
Toon stawende berekeninge tussen hakies.

	Aant.	
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		Moenie bereken nie
Kontantgenerering uit bedrywighede		
Rente betaal		
Dividende betaal		
Belasting betaal		
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		Moenie bereken nie
Belegging uitgekeer		
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		Moenie bereken nie
Opbrengs uit die uitreiking van aandele		
Terugkoop van aandele		
Die netto verandering in kontantekwivalente		Moenie bereken nie
Kontant en kontantekwivalente – begin van die jaar (		
Kontant en kontantekwivalente – einde van die jaar (		

(15)

2.2 Voltooi die volgende aantekeninge by die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2022:

2.2.1 **Versoening tussen wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer. Toon stawende berekeninge tussen hakies.**

Netto wins voor belasting	
Aansuiwerings ten opsigte van:	259 840
Verlies met verkoop van bate	920
Waardevermindering	212 000
Rente-uitgawe op lening	46 920
Bedryfswins voor veranderinge in bedryfskapitaal	
Veranderinge in bedryfskapitaal:	
*Toename/Afname in voorraad (	
*Toename/Afname in ontvangbare rekeninge (	
*Toename/Afname in betaalbare bedrae (	
Kontant uit bedrywighede gegenereer	

(16)

***Omkring die korrekte definisie van die beweging**

2.2.2 **Dividende betaal**

Bedrag verskuldig aan die einde van die vorige jaar	
Dividende betaal en aanbeveel (	
Bedrag verskuldig aan die einde van die huidige jaar	
Bedrag betaal	

(4)

Berekening van die tussentydse dividende:

Gebruik die aantekening oor behoue inkomste om die tussentydse dividend vir die jaar te bereken:		(3)
Behoue inkomste aan die begin van die jaar	470 000	
Netto wins na belasting		
Teruggekoop		
Dividende:		
Tussentydse dividend		
Aanbevole/Finale dividend		
Behoue inkomste aan die einde van die jaar	491 000	

2.2.3 Belasting betaal

Bedrag verskuldig aan die einde van die vorige jaar	
Staat van Omvattende Inkomste-bedrag	
Bedrag verskuldig aan die einde van die huidige jaar	
Bedrag betaal	

(4)

VRAAG 2
KONTANTVLOEISTATE
BEREKENINGSBLAD

Gebruik die spasie wat voorsien word om die berekeninge te toon. Alle finale bedrae moet na die relevante voorafgaande vraag oorgedra word.

Vaste (tasbare) bates gedurende die jaar gekoop:	(4)
Bykomende lening gedurende die jaar verkry:	(4)
Lening terugbetaal wat in die Kontantvloei-state geopenbaar moet word:	(2)
Opbrengs uit die uitreiking van nuwe aandele:	(3)

VRAAG 3**MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE****(75 punte, 45 minute)**

**Verwys na die inligting aangaande Chidinma Bpk.
Toon stawende berekeninge tussen hakies.**

- 3.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 30 Junie 2022. Maak seker dat jy enige bykomende inligting en aansuiwerings insluit. **Rond alle berekeninge af tot die naaste rand.**

Verkope (	
Koste van verkope	(55 300 200)
Bruto wins	Moenie bereken nie
Ander bedryfsinkomste	Moenie bereken nie
Huurinkomste (2 648 580	
Kommissie-inkomste (	
Bruto bedryfsinkomste	Moenie bereken nie
Bedryfsuitgawes	Moenie bereken nie
Versekering	777 484
Direkteursgelde	1 525 000
Diverse uitgawes	422 800
Waardevermindering	966 352
Telefoon (1 955 000	
Verpakkingsmateriaal (23 400	
Salarisse en lone (5 811 500	
WVF-bydrae (58 115	
Pensioenfondsbydrae (551 300	
Mediese hulpfondsbydrae (453 750	
Reklame en bemarkingsuitgawes (8 127 000	
Bedryfswins	Moenie bereken nie
Rente-inkomste (356 250	
Wins voor rente-uitgawe	Moenie bereken nie
Rente-uitgawe/finansieringskoste (217 430	
Netto wins voor belasting	Moenie bereken nie
Inkomstebelasting (	
Netto wins na belasting	6 113 566

(30)

3.2 Voltooi die volgende aantekeninge by die finansiële state vir die jaar geëindig 30 Junie 2022:

3.2.1 **Voorraad**

Handelsvoorraad (1 879 730	
	Moenie bereken nie

(4)

3.2.2 **Handels- en ander ontvangbare rekeninge**

Handelsdebiteure (5 079 195	
Debiteure vir salarisse (79 200	
	Moenie bereken nie

(13)

3.2.3 **Handels- en ander betaalbare bedrae**

Handelskrediteure (6 156 600	
SAID: LBS (233 400	
Pensioenfonds (826 950	
Mediese hulpfonds (907 500	
WVF (116 230	
	Moenie bereken nie

(17)

3.2.4 Bereken die finale bankrekeningbedrag soos dit in die aantekening oor kontant en kontantekwivalente sal verskyn.

-147 620	
-----------------	--

(6)

VRAAG 3
MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE
BEREKENINGSBLAD

Gebruik die spasie wat voorsien word om die berekeninge te toon. Alle finale bedrae moet na die relevante voorafgaande vraag oorgedra word.

Uitgestelde inkomste/Inkomste vooruitontvang:	(4)
Rente uitstaande op belegging:	(1)

75

VRAAG 4**VOORRAAD****(26 punte, 16 minute)**

**Verwys na die inligting aangaande Rodriguês Avonture.
Toon stawende berekeninge tussen hakies.**

- 4.1 Bereken die eindvoorraadwaarde vir warm stapskoene op jaareinde deur die **EIEU**-metode te gebruik.

Eindvoorraadwaarde	

(6)

- 4.2 Bereken die waarde van die koste van verkope vir warm stapskoene vir die huidige finansiële jaar.

Beginvoorraad	
Aankope	
Doeaneregte	
Terugsendings	
Skenkings	
Eindvoorraad	
Koste van verkope	

(6)

- 4.3 Bereken die waarde van bruto wins vir warm stapskoene vir die huidige finansiële jaar.

(4)

- 4.4 Rodriguês, die eienaar van Rodriguês Avonture, vermoed dat die warm stapskoene nie goed verkoop nie. Gee 'n relevante berekening om die lae verkope te motiveer.

--

(2)

- 4.5 Rodriguês is bekommerd oor die beheer van voorraad in die onderneming. Verskaf 'n toepaslike berekening om te bevestig dat warm stapskoene gesteel is.

--

(4)

- 4.6 Rodriguês het jou gevra om strategieë voor te stel om voorraadbeheer en verkope te verbeter. Verduidelik **EEN** strategie vir elke konsep. Neem die inligting wat verskaf is in ag.

Voorraadbeheer	Verkope

(4)

26

Totaal: 200 punte